**3 Januarie**

## Vervolg en tog verheug

**Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:12**

Hierdie opskrif klink nogal heel teenstrydig. Dit sal so wees, want die Woord van God is nie volgens die mens nie. En die evangelie van Christus is onaanvaarbaar vir die sondige natuur.

Vervolging! Dit was deel van die profete se lewe, soos Elia, Jesaja, Jeremia. Dit was deel van Christus se lewe. Vervolg tot aan die kruis: beledig, kwaadgepraat, bespot en fisies vervolg. Dit sou deel wees van die dissipels se lewens. Dit word deel van elkeen wat in Christus glo.

Vervolg ter wille van die Naam van Christus, en tog verheug? Jy verkeer in goeie geselskap. Jy is geen uitsondering op die reël nie. Dit is die wêreld se manier om van die Woord van God, die evangelie van Christus ontslae te raak. Ja, van God en van Christus self! Ons beleef dit in ’n toenemende mate. Bespotting, verdagmakery, uitsluiting, geestelike vervolging. Verheug julle! Bly getrou. Volhard in die Naam van Christus.

Daar is nog ’n tweede rede tot vreugde. Julle loon is groot in die hemel. Loon omdat jy vervolg word? Nee, dit gaan nie oor dienaarsloon gemeet aan pligte wat vervul is nie. Dit gaan oor genadeloon uit die liefde van die Vaderhart. Die vader gee opdrag aan sy seun. Die seun vervul dit met liefde, flink, vinnig en met ywer. Dan sê die vader: Mooi so, my seun. Hier is vir jou ’n geskenk. ’n Geskenk uit die liefde van die vaderhart. Nie ooreengekome loon volgens verdienste nie, maar genadeloon.

Volhard in die Naam van Christus te midde van vervolging. Verheug jou met die blydskap van ’n kind wat lief is vir sy Vader.

*Psalm 33:6 (Totius)*

*Ds. Awie Coetsee (Emeritus)*